**Woensdag 12 Oktober**

**Skrifgedeelte: Handelinge 2:37-42**
**Fokusgedeelte: Handelinge 2:41-42**

## Waarmee is die kerkmense so besig?

Jesus Christus het gely en gesterf, maar toe het Hy opgestaan en na die hemel opgevaar. In die boek Handelinge word beskryf hoe sy apostels sy opdrag uitvoer om die evangelie te verkondig, van Jerusalem tot aan die eindes van die aarde (Hand. 1:8).

Ons teksvers staan aan die einde van die eerste preek van die apostel Petrus in Jerusalem. Die Heilige Gees is uitgestort, en nou verduidelik Petrus dat die Here sy profesieë vervul het: Christus is die vervulling van alles wat belowe is. Op hierdie dag kom 3000 mense tot bekering! ’n Yslike groot gemeente van Jode en nie-Jode in die hoofstad van Israel.

Ons teksvers beskryf eintlik net waarmee hierdie gemeente hulle besig gehou het. Ons lees nie van uitstappies en fondsinsamelings en partytjies nie, maar van die vier hoofsake waarmee kerkmense besig is.

Hulle is besig met die leer (toerusting uit die Skrif), die gemeenskap van heiliges (koinonia), die diakonaat (onderlinge liefde) en aanbidding (erediens). Die vier dinge wat die basiese kerkpraktyk uitmaak.

En daardie kerk groei! Na ’n kort tydjie word dit 5000! Die rede daarvoor is in ons teks: Hulle het daarin “volhard” (NAV: hulle heelhartig daarop toegelê). En in Handelinge 2:46, 47 lees ons dat hulle dit met blydskap en eenvoud gedoen het, terwyl hulle God prys.

Kom ons dink weer ’n slag na oor wat ons doen en hoe ons dit van harte vir die Here doen!

*Sing: Psalm 2:6*

*Ds. M (Maarten) van Helden (Centurion)*